Veenwouden
1727

Nuusbrief

Van der Walt-Familiebond

Van der Walt

Jaargang 14, nr. 2 - Junie 1997

Posbus 20522
2522 NOORDBRUG
Potchefstroom
Tel/Faks:
(0148) 294-5492
e-pos:ajvdw@intekom.co.za

Is daar van ons lesers wat weet van ons vangenote wat nog in die Roggeveld, in die omgewing van Sutherland, woon?

Indien daar is, sal ons graag van hulle wil verneem.

1997

Vroeg vanjaar is die bestuur van die Familiebond uitgebrei tot 9 (nege) lede. Die Bestuur bestaan tans uit:

Bennie, Voorsitter
Hannes Ondervoorsitter
Dries *Sekretaris/ Redakteur/ Penningmeester*
Kobus
Johan
Krause
Maartin
Sanet van der Merwe
Dries

Redaksioneel

Reaksie van lesers

Dit is met groot vreugde dat ons hiermee die wonderlike reaksie van ons lede op ons Nuusbrief van Maart 1997 en die oproep vir die navorsings- en museumfonds erken. Nie net het 'n groot groep van ons lede op die inhoud van die nuusbrief gereageer nie, maar ook hulle beursies - en dus hulle harte - vir tigte museumfonds en die navorsingsfonds - en natuurlik ook vir die ledegeld. Ons finansiële sake lyk nou weer gesond en as al die ander lede ook die voorbeeld van hierdie eerste groep volg, kan ons die saak van die Familiebond met mening aanpak en voortstu.

Ons bring hulde aan die getroue lede wat so hartlik saamwerk. Dit gee aan ons wat met die werk van die Familiebond te doen het, weer nuwe moed en nuwe vuur om dit met 'n dringendheid voort te sit.

As elke Van der Walt hulp verleen, kan ons ons erfenis pragtig bewaar vir ons nageslag. Wat doen u?



Huis Karoo op Grootfontein, Middelburg. Deur Engelse militêre opgerig na Tweede Vryheidsoorlog

ons oproep om die museum en ons navorsingsprojekte te ondersteun, oopgemaak. Dit was werklik baie bevredigend om die pos van die eerste vier weke ná die nuusbrief te ontvang en met afwagting uit elke koevert 'n GROTER verrassing as die vorige te haal. Lede vanoor die hele land het positief gereageer. Komplimente oor die nuusbrief was aan die orde van die dag, die rande het ingerol vir ons pas ges-

na kolom 2 hieronder:

Pragtige samewerking van ons getroue lede

Die stamregister

Die bestuur het tydens 'n onlangse vergadering besluit om die aanbod van Christie van der Walt van Roodepoort te aanvaar om die gegewens van die stamregister in 'n databasis op die rekenaar in te voer. Hy was ook in die sewentigerjare groot-

Lees onder andere in hierdie uitgawe oor:

Van die Redaksie	*1*
Die stamregister	*1*
Briewe van ons lesers	*2*
Die museum op Grootfontein	*4*

Ons vra weer vriendelik dat ons lesers asseblief stukkies instuur oor hulle eie of hulle voorsate se geskiedenis, of ander stukkies van algemene belang

liks verantwoordelik vir die tikwerk van die genealogiese gedeelte van die vorige manuskrip wat later deur die RGN bygewerk en gepubliseer is. Ons wens hom sterkte toe met die groot werk en bedank hom hartlik vir sy grootmoedigheid om die werk uit liefde vir die saak te doen. Sy volgehoue ondersteuning van die werk van die Familiebond word ook hoog op prys gestel. Die Sekretaris is in besit van talle kosbare dokumente en wyduiteenlopende foto's van lede van ons stam wat Christie aan ons oorgedra het met die oog op opname in ons eie argief. Dié dokumente moet nog georden word.

Wiskundige is toe 'n taalman!

In ons vorige nuusbrief het ons per abuis na prof Japie van der Walt van Doonside verwys as 'n wiskundige. Prof Japie het ons met die tong in die kies bedank vir die eer, maar daarop gewys dat hy eintlik 'n taalman in die klassieke tale (Latyn) is.
Jammer oor die vergissing en baie dankie aan prof Japie vir sy getroue ondersteuning van ons werk.

Ons feespreker van 1994

Ons het intussen ook vernéem dat ons feesspreker van die 1994-fees op Middelburg KP 'n hartomleidingsoperasie ondergaan het in Port Elizabeth.
Die operasie het goed afgeloop en dit gaan weer goed met Louis (LK). Hy is weer byna fiks en gesond.

Namens al ons lesers wens ons hom van harte 'n spoedige en volkome herstel toe. Ons bedank hom ook vir sy volgehoue goeie gesindheid teenoor die werk van die Familiebond.

Dries van der Walt

Deel in ons vreugde - neem deel aan ons aktiwiteite. U weet iets wat ons nie weet nie. Ons wil dit graag hoor!

Briewe en berigte van ons lesers ontvang

Ons het die afgelope tyd heelwat briewe van ons lesers ontvang. As gevolg van gebrek aan plaasruimte kan ons nie al die ingestuurde stukke volledig plaas nie, maar ons wil tog sommige van die interessante beriggies aan ons lesers deurgee.

Van Worcester

Van Louis Stephanus van der Walt (b4c9d9e19f3) tans van Worcester, het ons 'n baie interessante "Inventaris en taxatie lyst" in die boedel van Piet van der Walt ontvang. Dit is op 6 April 1864 opgestel. Blykbaar is elke enkele item in sy huishouding deur iemand gewaardeer en in die lys opgeneem. Van elke tafel, stoel, lessenaar,"horlogie", rasper en "boterpot" tot by die perde en beeste, die 742 skape teen 6 sjielings elk (dit is ongeveer 60 sent in ons huidige geldstelsel!), en elke ander denkbare artikel is in die lys opgeneem.
Hierby het Louis Stephanus ook 'n inventaris van Petrus van der Walt se eggenote Susanna Lazya Kruger aangeheg. Dit is gedurende Julie 1863 opgestel.
Ook in dié geval word die items in die huishouding sorgvuldig uiteengesit vir waardasiedoeleindes. Die vaste eiendom is onder andere die plaas Twyfelfontein in die distrik Smithfield en in die "veldcornetschap van Kruger" teen 6700 pond en 'n huis in Reddersburg (seker 'n tuishuis naby die kerk). In die lysie verskyn ook "een Veerenkar Door de overleden vermaakt" en dit word teen 2000 pond gewaardeer. Petrus ontvang helfte van die boedel plus een kindsgedeelte van die ander helfte. Die res word aan die elf kinders bemaak. Die afleiding word gemaak dat hulle elf kinders gehad het, want in die testament staan dat die restant van die boedel, wat sowat 2898 pond beloop, in gelyke dele van 263 pond elk aan die kinders bemaak word – dan word die kleingeld nie hier bygereken nie, maar net in vol ponde gewerk.
Die ou vader, Petrus, het onder andere ook die huis op die dorp geërf, sowel as die "huisraad" wat deur die ander erfgename

Het u al u ledegeld vir 1997 aangestuur?

aan hom "ten geschenke gegeven (worden)". Dis baie bedagsaam van die kinders om die ou vader nie met 'n huis sonder meubels te laat nie.
Hoeveel van hierdie soort testamente sien ons vandag nog? Ons is dankbaar teenoor Louis wat die inligting vir ons gestuur het.

Van Nelspruit

'n Brief is van Henri van der Walt van Nelspruit ontvang.
Hy sal nie omgee as ons na hom verwys as Oom Henri nie, want hy verkeer tans in die geseënde ouderdom van 85 jaar en het nog steeds 'n lewendige belangstelling in die werk van die Familiebond. Oom Henri skryf dat hy die nuusbrief baie geniet en hy waardeer die werk wat die redaksie doen. Baie dankie van ons kant – *Red.*
Hy was veral bly dat ons weer iets geskryf het oor *Oupa Pietjie* soos hy by hulle bekend was. Ek vermoed dat Oom Henri verwys na die Petrus van wie ons die vorige keer geskryf het, wat die leeu geskiet het wat sy pa bespring het. Petrusburg is ook na hom vernoem. Die Piet se ouer broer was die grootvader van APJ van der Walt, die pionier van Pretoria. Dit is tog ook 'n openbaring dat mense in ons tyd, soos Oom Henri, nog lewendige herinneringe het van daardie geslag. Mens kan jou amper nie so 'n situasie voorstel nie. En tog skryf Oom Henri dat Oupa Pietjie nog by hom bekend was, miskien net die oorleweringe en legendes oor dié Piet. Want dat hy 'n man was wat legendes geskep het, is ongetwyfeld waar.
Baie dankie Oom Henri vir u belangstelling en u ondersteuning. Ons wil graag nog van u verneem, want dis staaltjies en kennis wat in die vergetelheid raak as dit nie oorvertel word nie.

Van Bloemfontein

Die redakteur het 'n interessante korrespondensie met Tannie Anna Venter van Bloemfontein aangeknoop. Sy skryf van haar grootvader Gert Louis van der Walt (1835) en sy eggenote Hendrina Francina Pelser (kyk foto op p.604 van stamregister). Op bladsy 609 is weer 'n foto van haar vader Philippus Jacobus Christoffel en sy eggenote Maria Catherina van Jaarsveld met die baba Anna Alida Gertruida (Tannie Anna) op haar skoot.
Sy vertel dat die G as derde naam haar nie toe kom nie. Die oggend toe haar pa haar geboorte gaan registreer het, het die konstabel wat die amptelike werkie moes doen 'n *Gertruida* op sy "brein gehad" en toe maak hy die foutjie om die derde naam agter haar name by te voeg. Sy hou nie daarvan dat haar voorletters A.A.G. moet wees nie, want dit kan aanleiding gee tot allerhande byname! Nou laat sy maar die G weg en ignoreer dit heeltemal.
'n Suster van Tannie Anna is die skryfster Jansie van der Walt. Beide Tannie Anna en Jansie doen albei ook nog vertaalwerk en taalversorging. Nog 'n suster, Rika Botha, se seun is prof Phil Botha van die Teologiese Skool van Tukkies.
As mens die familie se doen en late lees, is dit soos die bekende Engelse "Who's who". Baie dankie vir die interessante inligting, Tannie Anna. Ons is redelik naby familie, want die grootvader Gert Louis na wie sy verwys, is ook my oorgrootvader. Sy broer Andries Johannes (1833) se dogter Susanna Lasya is met GL se seun Petrus Cornelius (Pelser-name) getroud, en dis van dié A.J. dat ek ook my name gekry het – indirek via my oupa, natuurlik.

Van Parys

Van Oom Schalk (SW) van der Walt van Parys het ons in Februarie 'n laaang brief ontvang - hy tik dit nog self soos 'n wafferse sekretaresse!
Oom Schalk het ook fotostate van verskeie foto's uit die vroeë dertigerjare saamgestuur. Ongelukkig kan ons nie die fotostate in die nuusbrief afdruk nie.
Die foto's is geneem tydens die begrafnis van Oom Schalk se oupa, een van die latere eienaars van Grootfontein, naamlik J.C. van der Walt, ook bekend as Langjohannes.
Een van hierdie foto's is van die huis in Meintjiesstraat 1, Middelburg. Kan iemand nog die huis onthou? Dis 'n praggebou met 'n gewelvooraansig en is die huis waar Oom Schalk se oupa in sy later jare gewoon het. Nog 'n foto is van die Gereformeerde Kerk, eweneens in Meintjiesstraat. Hierdie

gebou is ook alreeds as 'n historiese gedenkwaardigheid verklaar. Dis 'n pragtige gebou wat nog 'n plankvloer het wat so kraak as mens daaroor stap - soo s egte ou hout!

BESTUURSAKE

Dié JC van der Walt is op 20 November 1934 op Grootfontein in die familiekerkhof begrawe.

GROOTFONTEINSE MUSEUM

Ons het ook 'n brief van Dries van der Walt, ons bestuurslid op Middelburg KP, ontvang. Hy skryf een en ander oor die museum op Grootfontein. Die bestuur van die Oud-Studente Unie het in beginsel besluit om die bestuur van die museum op hulle te neem, soos in ons vorige nuusbrief ook bespiegel is. Daarby is ook besluit dat die Van der Walt-Familiebond inspraak in die bestuur van die museum sal kry sodra die sake van die Landboukollege afgehandel is.

Dries (Middelburg) hou intussen die verwikkelinge fyn dop en sal namens die Familiebond probeer om ons en ons lede aktief by die museum betrokke te hou. Hy sal ook nuusbrokkies aan ons deurgee wat ons dan weer aan ons lede sal meedeel. Ons sien met afwagting uit na positiewe verwikkelings in verband met die museum. Die reaksie van ons lesers op ons vorige nuusbrief en die bylaag oor die museum is 'n baie goeie aanduiding dat ons die regte ding gedoen het om by die museum betrokke te raak.

Terloops, dié Dries van Middelburg en sy eggenote Yvonne, is die twee raakvatters wat die streekfees van 1994 daar op Middelburg gereël het. Danksy hulle onvermoeide ywer en deeglike voorbereidings was die fees 'n klinkende sukses en sal dit nog vir baie jare deur baie mense onthou word. Dit was Karoo-gasvryheid op sy beste!

Ons is baie dankbaar dat Dries ingewillig het om die benoeming as lid van die bestuur van die Familiebond te aanvaar en

MEELEWING

Ons het onlangs verneem dat Hannes (die ondervoorsitter van die Familiebond) en Elize van der Walt se enigste seun, Stéfan, vroeg Saterdagoggend die 23ste Mei 1997 tragies in 'n motorongeluk oorlede is. Ons dra die innige meelewing van die bestuur en die lede van die Familiebond oor aan Hannes en Elize en hulle dogter Elbé.

Ons vertrou dat die Here hulle ryklik sal vertroos in hulle leed. Ons besef dat dit 'n geweldige hartseer in hulle lewe sal laat, maar ons weet ook dat hulle as gelowige mense nie sal treur soos diegene wat geen hoop het nie. Baie sterkte aan hulle.

Dries

HERKOMS VAN ONS STAMMOEDER

In die publikasie: *Geslagsregisters van die ou Kaapse families* van C.G. de Villiers wat in 1981 bygewerk is deur C. Pama, verskyn die inligting van ons stammoeder se vader as: *"Heirich Weyers, ook genoem Weyer, van Epe. Aankoms 1702, soldaat. Burger 1714 en oorlede 1725 ..."*

Daar staan nie dat hy van Epe in Duitsland afkomstig is nie. Nou het die vraag ontstaan of hy nie miskien van Epe, Nederland afkomstig is nie. Dit lyk baie moontlik as na sy van en die name van sy dogters gekyk word. Dit kom almal as Hollandse name voor: Maria, Anna Elisabeth (na sy vrou vernoem) en Johanna ons stammoeder. Sy van kom ook voor as 'n Hollandse van. Die inskrywing in die genoemde publikasie wat net bo dié van ons stammoeder se vader verskyn, is ook 'n Weyers, naamlik Stephanus Jansz Weyers van Groningen, wat dus 'n voormalige Frieslandse dorp was voordat die provinsie van Friesland afgestig is.

Epe in Nederland is 'n klein dorpie tussen Zwolle en Apeldoorn in die provinsie Veluwe of Salland.

Omdat daar in die verlede vry algemeen aanvaar is dat Epe, die plek van herkoms van Heinrich Weyers, in Duitsland geleë is, sal dit interessant wees om hierdie stukkie gekiedenis ook op te klaar. Dit is tog ook belangrik om die herkoms van ons stammoeder te presiseer en te boek te stel.

Die feit dat die ander genoemde Weyers wat na Suid-Afrika geïmmigreer het ook uit Nederland afkomstig is, maak nuwe moontlikhede oop. Dit sou onder andere beteken dat ons stammoeder se ouers of minstens haar vader moontlik ook die Friese taal gebruik het. 'n Verdere afleiding is dat ons stammoeder moontlik ook die taal van haar eggenoot sou kon verstaan! Ons soek die waarheid.

Groete, Dries

Só GROEI DIE KINDERS OM JOU DIS...

As ons die geslagsregister nagaan en die statistieke wat Christie van der Walt nou daar uitgehaal het, bestudeer, kan ons maar net saam met Totius in die woorde van psalm 128 uitroep: *"Soos jong olyfboomplante, wat uitspruit sterk en fris, so bloei aan alle kante jou kinders om jou dis."*

Christie het net van die eerste vyf geslagte baie interessante statistiek aan ons deurgestuur. Alhoewel dit slegs voorlopige opmerkings daaroor is, gee ons dit terwille van die interessantheid tog aan ons lesers deur.

Die tweede geslag (b) tel 8 kinders; die derde geslag (c) tel 85 kinders; die vierde (d) 361 en die vyfde (e) 798! Wat 'n vrugbare voorgeslag had ons nie!

Ander vanne

Van die 8 kinders van geslag b trou 6 met Venters (een selfs twee keer); geslag c trou 11 keer met Venters; geslag d 20 keer en geslag e 62 keer. Totaal: 99 huwelike met die van Venter!

Van der Walt X Van der Walt

Geslag c (derde) trou 7 keer met vangenote; geslag d (vierde) trou 21 keer met Van der Walts en e (vyfde) 59 keer. Totaal: 87 huwelike met Van der Walts.

Ander bekende vanne

Die ander bekende Afrikaanse vanne wat die meeste voorkom onder die eerste vyf geslagte is: Coetzee = 36 keer; Du Plessis = 35 keer en Vorster = 29 keer. Hieruit kan afgelei word dat hulle by hulle eie mense, die bekendes, gehou het!

Ander interessanthede wat Christie opgemerk het, is dat die Van der Waltman wat die meeste keer getroud is, was Andries Johannes (b8c2d5) (die man waar die redakteur se name vandaan kom!). Hy was naamlik nie minder nie as 5 (vyf) keer getroud, telkens natuurlik as wewenaar!

Dieselfde voorvader het ook die meeste kinders gehad, naamlik 21. Die volgende naaste aan hom het 19 gehad.

Sterfgevalle in die kampe tydens die Tweede Vryheidsoorlog was: Bloemfontein 4; Norvalspont 5; Middelburg Tvl 1, Mafikeng 1; Klerksdorp 2; Bethulie 4; Winburg 1; Kimberley 1; Pietermaritzburg 1.

Bogenoemde inligting is saamgestel uit beskikbare gegewens en is nie noodwendig volledig nie.

Dries

KOSTER VIER FEES

Net soos verlede jaar vier die nasate van die Van der Walts van hierdie kontrei weer vanjaar fees. Dit is die nasate van Oom Sarel (b4c9d1e6f4) en Tant Mietie (b4c9d1e1f2g2), vroeër van die distrikte van Rustenburg en Koster.

Die leser sal opmerk dat albei uit dieselfde voorvader stam; albei se oorgrootjie was Tjaart Andries, naamlik b4c9d1 van 22.12.1806, 'n agterkleinkind van die stamvader.

Hierdie familie het verlede jaar in Pretoria bymekaar gekom en heerlik feesgevier. Vir 1997 word beplan om op 20/21 September 'n byeenkoms te hou by die Gereformeerde Kerk Brits. Dit is in die vorm van 'n bring-en-braai, die pap en sous sal voorsien word.

Die Saterdag sal gesellig rondom die braaivleisvure gekuier word en een en ander oor die familie aan die teenwoordiges meegedeel word. Die Sondag word die erediens om 09:00 in die Gereformeerde Kerk Brits bygewoon. Besoekers word versoek om sover as moontlik oor te bly vir die erediens.

'n Spesiale beroep word op ons jongmense gedoen om die fees by te woon. Hulle moet immers een dag die tradisie van die familie voortsit, en dis belangrik om nou reeds hulle belangstelling vir die familiesake aan te wakker.

Daar is heelwat skakelpersone met wie kontak

opgeneem kan word om die nodige reëlings te tref. Die twee wat die kern van die reëlingskomitee vorm is:

Tienie van der Walt, telefoon: (01211) 2-3473 tuis of (01211) 58-2254 by die werk en Hannes van Rensburg, telefoon (012) 341-6735, ook by die huis of by die kantoor (012) 333-0004.
Lesers wat belangstel kan met enige van die twee here in verbinding tree.

Hierdie familie is almal gasvrye mense en sal uit hulle pad gaan om besoekers te laat tuis voel.

Is daar nog ander groot families wat soortgelyke feeste reël? Ons sal graag daarvan wil hoor en daarmee help. Tree met die sekretaris in verbinding as u hulp verlang of as ons die fees vir u kan reklameer. Ons kan ook adreslyste voorsien.

Soms beskik ons oor adresse wat help om familie op te spoor. Tree gerus met ons in verbinding - ons help graag daarmee as ons kan.

Dries

DIE FRIESE VOLKSLIED

In Fries:
Frysk bloed tsjoch op! wol nou ris brûze en siede,
En bounzje troch ús ieren om!
Flean op! Wy sjonge it
bêste lân fan d'ierde,
It Fryske lân fol eare en rom.
Klink dan en daverje fier yn it roun,
Dyn âlde eare, o Fryske groun!

Vry vertaal:
Friese bloed bruis op, voel u heldewaarde, trots om 'n Fries te wees
Spring tog op, ons besing die skoonste land,
die beste land ter wêreld
Die Friesland vol ere en roem
Klink dan ver en wyd (rond)
Van ouds geëer, o Friese grond!

Dit is maar een van die sewe versies van hierdie pragtige volkslied. Dat die Friese voorvaders baie trots op hulle land was, straal duidelik uit die woorde van die volkslied.
Die woorde van die lied is geskryf deur 'n mediese dokter, Eeltsje Halbertsma (1797-1858). Die oorspronklike bewoording is nie geskryf met die oog op 'n volkslied nie, hy het dit "de âlde Friezen" genoem. In 1875 is 'n gedenknaald ter ere van dr. Halbertsma in Grouw opgerig, en tot sy nagedagtenis is die lied wat hy geskryf het, by dié geleentheid gesing. Dit het die aanwesiges so aangegryp dat dit sedertdien die nasionale lied van Friesland geword het.
Die bloed wat Halbertsma in die lied laat bruis en kook, het ná die Tweede Wêreldoorlog nogal laat wenkbroue lig, want dit kom by die andersins nugtere en nogal koelbloedige Friese, minder voor as wat die lied suggereer. Daar het toe meer stemme as ooit tevore opgegaan om die woorde: *"Frysk bloed, tsjoch op!"* te laat vervang met minder opruiende woorde. Maar die sterker woorde het tog na alles die stryd gewen en leef steeds voort.
Die musiek van die volkslied is geskryf deur J. Lindeman.
Hierdie Friese volkslied en die geskiedenis daarvan is deur Ernst van der Walt van Parkview, Johannesburg aan ons gestuur. Ons hartlike dank aan hom vir sy volgehoue belangstelling in die aksies van die Familiebond. Hy het ook 'n kasset met verskeie Friese volksliedjies aan ons gestuur.

VROEë PIONIERSROL VAN DIE VAN DER WALTS

In die vroeë geskiedenis van die Kaapkolonie het die Van der Waltfamilie 'n belangrike rol in die uitbreiding van die koloniale grense gespeel. Plase is op die uithoeke van die kolonie aan hulle toegeken, terwyl hulle ook 'n leidende aandeel in die verkenning en die uitbreiding van die nuwe grense gehad het.
Ons was sover gelukkig om byna elke plaas wat deur die eerste twee geslagte van dié familie in die kolonie beset is, op te spoor en met behulp van amptelike kaarte te bevestig. Met ander woorde die plase kan byna almal uitgewys word op die betrokke kaarte. Ook die plaasnommers kan aangedui en bevestig word.
Die chronologie en die uitreiking van hierdie plase kan opgevolg word en so ook die trekroete wat deur die Van der Walts gevolg is in hulle beweging van die Roggeveld af. Só kon ons byvoorbeeld vasstel dat net die een suster, Renske, weswaarts van hierdie oorspronklike staanplaas af beweeg het. Sy was met Hendrik Olivier getroud en het haar later in die Koue-Bokkeveld bevind. Die ander kinders van die stamvader het almal ooswaarts getrek. Later meer hieroor.
Dries